Liewe vriende

Binnekort, in die volgende gebedsbrief, wil ek graag vertel van 'n **moeilike persoonlike uitdaging**.

Maar vandag eers 'n paar brokkies oor wat hier gebeur:

In September het ons liewe vriende uit Bloemfontein, die VGK Gemeente Heidedal, weer 'n **uitreik** hierheen onderneem.
Ds. Deon Potgieter het met albei sy gestremde seuns gekom; die res van die span het van jonk tot 'n 79-jarige ingesluit!
Die foto's wys hoe hulle kinder-evangelisasie gedoen het en ons ook met (effens riskante) verf van die cupola se dak gehelp het!
Tydens hulle besoek is ook drie nuwe San-lidmate in Gobabis gedoop. Kom ons dank die Here vir Heidedal!

Kort na hulle besoek het ek na die **San-mense** van Donkerbos en Sonneblom gegaan. Die leiers van ons gemeentegroep daar is
Welly, Daniel (wat ook 'n gemeenskaps-gesondheidswerker is) en Abraham. Soos die foto van die pad daarheen wys, is dit baie
afgeleë en hulle sukkel die afgelope tyd met 'n water-probleem. As hulle my wil bel, moet iemand 'n paar kilometer stap na 'n
duin waar daar ontvangs is! Bid vir hulle omstandighede en volharding te midde van teenkanting en honger.

Op die oomblik het ons deur Steps for Children 'n baie hardwerkende **skolespan** "Helping Hands" van Hamburg in Duitsland. Hulle
bou huisies vir die Steps Homes program waar 42 weeskinders op die oomblik gehuisves word. Alhoewel geeneen van hulle enige
opleiding het nie, is hulle gou om te begryp en te doen. Die afgelope Sondag het die hele span ons diens in Epako bygewoon;
bid ook saam met ons dat die Evangelie hulle almal mag aanraak - hulle agtergrond is feitlik totaal sekulêr.

Mag julle 'n vredevolle week beleef,

Henk